



BELYDENDE LIDMATE – VRAESTEL

BESTEK	
Ou Testament	Job 1, 2 & 42
Nuwe Testament	Handelinge 17 & 18
Les	NGB. Art. 30 - 34

Afdeling A – Job 1, 2 & 42

Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 Vanaf watter land was Job afkomstig? (Job 1:1)
a) Ur b) Us c) Moria d) Babelonië
- 1.2 Hoeveel dogters het Job gehad? (Job 1:2)
a) Drie b) Ses c) Sewe d) Agt
- 1.3 Hoeveel seuns het Job gehad? (Job 1:2)
a) Twee b) Drie c) Sewe d) Agt
- 1.4 Job het gereëld _____ vir sy kinders gebring. (Job 1:5)
a) Geskenke b) Kos c) Brandoffers d) Slawe
- 1.5 Watter eienskap het Job gehad? (Job 1:8)
a) Hoogmoedig b) Inhalig c) Selfregverdigend d) Godvresend
- 1.6 Met wie het God geredeneer oor Job se lewe? (Job 1:7-8)
a) Satan b) met Job self c) Met Job se kinders d) Met engele
- 1.7 Wie het 'n inval gedoen en Job se beeste en esels geroof? (Job 1:15)
a) Semiete b) Samaritane c) Sabeërs d) Selote
- 1.8 Wie het Job se kamele geroof en die dienaars doodgemaak? (Job 1:17)
a) Chiliaste b) Chaldeërs c) Hebreërs d) Sabeërs
- 1.9 Hoe is al tien van Job se kinders dood? (Job 1:19)
a) Deur vloedwater b) Deur die Chaldeërs c) Deur die Sabeërs
d) Deur 'n stormwind
- 1.10 Hoe het Job gereageer nadat al die slegte nuus by hom aangekom het? (Job 1:20)
a) Sy klere geskeur b) Woestyn in gevlug c) Die Here verwyt
d) Oorlog gemaak

Vraag 2 Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:

Gegee , vroom, aarde, swere, gesondig, swerftog, slegte, opreg, ongerymds,
geneem

- 2.1 Job het teen God nie A nie en aan God niks B toegeskrywe nie. (Job 1:22)

- 2.2 Job het die volgende belydenis gemaak: Die Here het C, en die Here het D, die Naam van die Here sy geloofd! (Job 1:21)
- 2.3 Toe die Here die Satan gevra het waar hy was, het hy geantwoord: Van 'n E oor die F wat ek deurkruis het. (Job 1:7)
- 2.4 Die Here het gesê Job was 'n man wat G en H was. (Job 1:8)
- 2.5 Toe die Satan niks teen Job kon kry nie, het hy hom getref met I. (Job 2:7)
- 2.6 Job het geweier om teen God te sondig en gesê: Die goeie neem ons van God aan, waarom dan nie ook die J nie. (Job 2:10)

Vraag 3 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 3.1 Job het hom met 'n glasskerf gekrap toe hy swere gekry het (Job 2:8)
- 3.2 Job het in die as gaan sit toe al die teëspoed Hom tref (Job 2:8)
- 3.3 Die Here het vir Job aan Satan oorgegee, maar hy het geen beheer oor sy lewe gehad nie (Job 2:6)
- 3.4 Job se vrou het hom aangemoedig om die Here te vervloek (Job 2:9)
- 3.5 Job het sy vrou se raad aangeneem. (Job 2:10)
- 3.6 Job se vriende het hom die regte raad gegee (Job 42:7)
- 3.7 Die Here se toorn het teen Job se vriende ontvlam (Job 42:7)
- 3.8 Job moes sy vriende vervloek in die Naam van die Here (Job 42:8)
- 3.9 Job moes vir sy vriende brandoffers bring (Job 42:8)
- 3.10 Job moes vir sy vriende bid (Job 42:8)

Vraag 4 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 4.1 Wanneer het die Here weer Job se lot verander? (Job 42:10)
- 4.2 Hoe het die Here vir Job geseën na al sy ontberinge? (Jon 42:10)
- 4.3 Wie het na Job gekom om hom te besoek en hom te troos na al die onheil wat oor hom gekom het? (Job 42:11)
- 4.4 Het Job weer enige kinders gehad? Indien wel, hoeveel? (Job 42:13)
- 4.5 Hoeveel geslagte se kinders en kleinkinders het Job gesien voordat hy gesterf het? (Job 42:16)

35 Punte

<i>Afdeling B – Handeling 17 & 18</i>
--

Vraag 5 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 5.1 Wie het op sy sendingsreis in Athene besoek? (Han 17:15)
- a) Matteus b) Paulus c) Petrus d) Johannes

- 5.2 Wat was Paulus se gewoonte om te doen wanneer hy by nuwe dorpe aangekom het? (Hand 17:2)
 a) te rus b) die oudstes te besoek c) die filosowe te besoek
 d) die sinagoge te besoek
- 5.3 Waaroor het Paulus gepreek in die sinagoge? (Hand 17:3)
 a) sonde b) dwalings c) Jesus Christus d) fariseërs
- 5.4 Wie was Paulus se mede-werker? (Hand 17:4)
 a) Silas b) Markus c) Demas d) Justus
- 5.5 Wie het die stad Thessalonika in opskudding gebring? (Hand 17:5)
 a) al die Skrifgeleerdes b) al die Fariseërs c) al die Priesters
 d) al die ongelowige Jode
- 5.6 Wie se huis is aangeval in die opstand? (Hand 17:5)
 a) Justus b) Jason c) Silas d) Markus
- 5.7 Na watter dorp is Paulus en sy mede-werkers gestuur vir hulle veiligheid? (Hand 17:10)
 a) Brugge b) Jerigo c) Amfipolis d) Berea
- 5.8 Watter stad was vol afgodsbeelde? (Hand 17:16)
 a) Amfipolis b) Berea c) Damaskus d) Athene
- 5.9 Wie het met Paulus gestry in die stad vol afgode? (Hand 17:18)
 a) Jode b) Skrifgeleerdes c) wysgere d) stadsowerheid
- 5.10 Waar het Paulus sy toespraak gelewer? (Hand. 17:22)
 a) op die hawe b) Areopagus c) Amfipolis d) Tempel

Vraag 6 Voltooi die volgende verse en vul die antwoord op die antwoordstel in:

bloed, wêreld, bevrees, Ek, tempels, swyg, hemel, woonplek, oordeel, tye

- 6.1 “Die God wat die A gemaak het, en alles wat daarin is, Hy wat Here van B en aarde is, woon nie in C met hande gemaak nie (Hand 17:24)
- 6.2 “Hy het uit een D al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde E en die grense van hulle F vas gestel het” (Hand 17:26)
- 6.3 “Hy het ‘n dag bepaal waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal G .” (Hand 17:31)
- 6.4 “Die Here het in ‘n gesig aan Paulus gesê: Wees nie H nie, maar spreek en moenie I nie; want J is met jou” (Hand 18:9)

Vraag 7 Sê of die volgende Waar of Vals is.
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 7.1 Paulus het in Athene ‘n Jood gevind met die naam van Aquila (Hand 18:2)

- 7.2 Aquila was afkomstig uit Pamfilië (Hand 18:1)
- 7.3 Aquila se vrou se naam was Pricilla (Hand 18:2)
- 7.4 Keiser Julius het beveel dat alle Jode uit Rome moes gaan (Hand 18:2)
- 7.5 Aquila was 'n tentmaker van beroep (Hand 18:3)
- 7.6 Timoteus was 'n mede-werker van Paulus (Hand 18:5)
- 7.7 Jason se huis was langs die Sinagoge in Korinthe (Hand 18:7)
- 7.8 Crispus was die hoof van die Sinagoge (Hand 18:8)
- 7.9 Crispus en sy hele huis het in die Here geglo (Hand 18:8)
- 7.10 Gallio was goewerneur van Agaje (Hand 18:12)

Vraag 8 **Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:**

- 8.1 Wat het Paulus in die stad Kenchreë gedoen? (Hand 18:18)
- 8.2 Uit watter stad het die Jood met die naam Apollos gekom? (Hand 18:24)
- 8.3 Watter goeie eienskap het Apollos gehad? (Hand 18:25)
- 8.4 In watter stad was Apollos later die Jode tot groot nut? (Hand 18:27)
- 8.5 Waarom was Apollos tot groot nut? Wat het hy gedoen? (Hand 18:28)

35 Punte

Afdeling C – NGB. Art. 30-34

Vraag 9 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 9.1 Ons glo dat die Kerk deur herders bedien moet word wat die Woord van God preek (art. 30)
- 9.2 Die opsieners en diakens vorm saam met die herder die Raad van die Kerk. (art. 30)
- 9.3 Die ouderlinge en diakens hoef nie gekies te word nie, maar kan aangewys word (art. 31)
- 9.4 God is betrokke by die verkiesing van die Raad van die Kerk (art. 31)
- 9.5 Die Raad is die Hoof van die kerk (art. 31)
- 9.6 Ons verwerp alle menselike vindings en wette wat mense wil invoer om God te dien (art. 32)
- 9.7 Kerklike tug sal die kerk uit mekaar dryf en moet verkieslik nie toegepas word nie (art. 32)
- 9.8 Indien mense volhard in sonde word hulle uit die kerk geban (art. 32)
- 9.9 Daar is drie sakramente ingestel in die kerk (art. 33)
- 9.10 Die sakramente is 'n sigbare bewys van God se beloftes (art. 33)

Vraag 10 Vul ontbrekende woord op die antwoordstel in:

Jesus Christus, pasga, Seun, seëls, God, Heilige Gees, voed, Vader, besnydenis, onderhou

- 10.1 Die sakramente is sigbare waartekens en A wat aan die gelowiges gegee is (art. 33)
- 10.2 Die sakramente is aan ons gegee om ons te B en te C. (art. 33)
- 10.3 Die sakramente het geen betekenis sonder D nie. (art. 33)
- 10.4 Ons is opdrag gegee om te doop in die Naam van die E, en die F en die G. (art 34)
- 10.5 Die doop het die H vervang soos die nagmaal die I. (art. 34)
- 10.6 Die sakramente is deur J ingestel (art. 33).

Vraag 11 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 11.1 Met watter gesindheid moet ons die Nagmaal gebruik? (Art. 35)
- 11.2 Is dit nodig om jou self te beproef voordat jy die Nagmaal gebruik? (art. 35)
- 11.3 Wat gebeur met iemand wat die Nagmaal op onwaardige wyse gebruik? (art. 35)
- 11.4 Waarom kan die doop aan kinders bedien word? (art. 34)
- 11.5 Waarom mag die Nagmaal nie aan kinders bedien word nie? (art. 35)
- 11.6 Waarom is dit nodig dat daar 'n Kerkraad in die kerk moet wees? (art. 30)
- 11.7 Watter rol speel die Woord van God in kerkwees (art. 31)
- 11.8 Watter eienskappe moet nie in die kerk wees nie? (art. 31)
- 11.9 Wat is die teken by die sakrament van die doop? (art. 34)
- 11.10 Wat is die tekens by die sakrament van die Nagmaal? (art 35)

30 Punte

Totaal: 100 Punte